STILET
STILUS
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573

# Peter Blum

Joan Hambidge

Die ouma Draga Tereza Rogošic,
‘n oom ene Katajan.
Besoeke aan Graz
soos Split, dié ken jy
glo in die palm
van jou vurige hand.

Locarno,
’n stad op die noordelike oewer
van die Lago Maggiore
word geboekstaaf
nes jou kennis van Slawiese tale,
Latyn en Taljaans.

Afrikaans gepraat met ‘n ligte
Duitse aksent; spotspraak
oor die grootdoenerige,
hekwagters en magsvrate:
‘n kolskoot, eerder poeshou
van toe tot nou.

STILET
Volume 37(1/2)
2025 ISSN: 1013-4573
STILUS

Wat sou jy van alles maak?
Dat digters tog steeds terugkeer
na jou werk? Dat jou voormalige
geliefde jou vereer het as ‘n Steppewolf,
met skrynende dog skone verse
as ‘n *Onbekende jaartal*?

Beide van julle nou saliger.
Hoe sou jy nou kon kwinkeleer
oor Wespark wat reeds oorvol is;
net vyftien lyke per week mag inspit
terwyl Tafelberg alweer soos ‘n Oordeels-
dag glimmer met as oor alles uitgestort.

Dit maak nie saak oor wie of wat
jy was of dalk nié; oor jou identiteit
dalk vervals, leuens oor jou pa se siekte
(‘n man wat glo mal geword het):
die vuur wat steeds smeul op Tafelberg,
Meneer Herr Mister Onverblum

perdalks deur daardie
dolende drosterhonde
in Oranjesig of die Rooinekke
uit Hermanus
aan die brand
gebliksem.